

DIE UITSTALLING VAN DIE  
-----

SASOL-KUNSVERSAMELING  
-----

30 JULIE - 13 SEPTEMBER  
-----

Mej. M I Kruger

Museumkunde

Departement Afrikaans en Nederlandse Kultuurgeskiedenis

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Universiteit van Pretoria

1988

VOORWOORD:  
-----

Die uitstalling van die Sasol-kunsversameling is vanaf 30 Julie tot 13 September 1988 op die kampus van die Randse Afrikaanse Universiteit aangebied. Dit was een van die grootste uitstallings van kontemporêre Suid-Afrikaanse skilderkuns.

Ek het ook hierdie gebeurtenis benut om my museumkundeskripsie op te baseer. My doelstellings is tweërlei van aard. Aan die een kant wil ek vir die Sasol-maatskappy 'n verwysingsdokument daar stel, aangesien dit hul eerste uitstalling van die versameling was.

Aan die anderkant wil ek ook aan organiseerders en werkers aan kunsuitstallings van so 'n groot omvang 'n paar praktiese riglyne daar stel. Hierdie riglyne kan as raamwerk dien waarvolgens soortgelyke uitstallings in die toekoms gestruktureer kan word, aangesien die skripsie vanuit 'n praktiese oogpunt benader is.

Ek wil graag vir Sasol bedank vir die uitmuntende versameling wat hulle opgebou het wat aan my en ander die geleentheid gebied het om ontsettend baie daaruit te put.

My opregte dank aan dr. Leoni Schmidt wat die uitstalling beplan en uitgevoer het en aan my die geleentheid gebied het om die opvoedkundige ervaring mee te maak.

Ek wil ook vir mnr. Johann du Toit, kurator van die Poskantoor Museum en my studieleier, bedank.

Meegaande tot die skripsie handig ek 'n prestige-katalogus  
in, asook 'n aparte bylaag wat media-artikels oor die  
uitstalling bevat.

INHOUDSOPGAWE:

---

I.	INLEIDING	
	1. Motiverings met die uitstalling	1
	2. Hoofkomponente van die uitstalling	4
II.	HISTORIESE OORSIG VAN DIE VERSAMELING	6
	1. Versamelbeleid	7
	2. Gronde vir 'n geldige versameling	8
	3. Korporatiewe versamelings	8
III.	WERKSBEPLANNING	10
	1. Werkspan	10
	2. Die werksplan en sy verloop	11
IV.	UITSTALLINGSINHOUD	23
	1. Beskrywing	24
	2. Assosiëring	29
	3. Intensivering	39
	4. Improvisering	42
	5. Strukturering	47
V.	UITSTALLINGSONTWERP	52
	1. Afdelings-akkomodasie	52
	2. Ruimte-indeling en argitektoniese plasing	53
	3. Die uitstillingsontwerp in geheel	67

VI.	SKAKELAKSIE	76
	1. Mediaskakeling	76
	2. Ander vorme van skakeling	77
VII.	OPENINGSFUNKSIE	79
	1. Reëlings en voorbereidings	79
	2. Die openingsaand	86
VIII.	OPVOEDKUNDIGE PROGRAM	97
	1. Rondleidings	98
	2. Kunsdae	102
	3. Seminaarreekse	104
IX.	AFRONDING EN EVALUERING	106
	1. Werksbeplanning	106
	2. Uitstallingsontwerp	108
	3. Opvoedkundige program	109
	4. Openingsfunksie	110
	5. Skakelaksie	110
	6. Evaluasiebepaling	111
X.	SLOT	113

ILLUSTRASIES:

---

1. Voorbeeld van lettertypes vir alle drukwerk.	16
2. Lede van die werkspan wat die uitstalling monteer.	21
Skilderye en Beeldhouwerke deur:	
3. Nils Burwitz.	24
4. Sheila Nowers.	25
5. Sidney Kumalo.	25
6. Sheila Nowers.	26
7. Wim Blom.	26
8. Wim Blom.	27
9. Wim Blom.	27
10. Walter Westbrook.	28
11. Alice Goldin.	28
12. Johannes Meintjies.	29
13. Elsabé Schady.	30
14. Hardy Botha.	30
15. William Kentridge.	31
16. Pippa Skotnes.	31
17. Pippa Skotnes.	32
18. Pippa Skotnes.	32
19. Lynda Boerstra.	33
20. Gunther van der Reis.	33
21. Simon Jones.	34
22. Catherine Paynter.	34
23. Hardy Botha.	35
24. Alexander Podlashuc.	35



25. Hardy Botha.	36
26. Gavin Younge.	36
27. William Kentridge.	37
28. Christo Coetzee.	38
29. Walter Battiss.	38
30. Amelia Lourens.	39
31. Marcella de Boom.	40
32. Marion Arnold	40
33. Koos den Houting.	41
34. Kevin Atkinson.	41
35. Jo Smail.	42
36. Jeanne Kotzé.	43
37. Thijs Nel.	43
38. Deon Liebenberg.	44
39. Nel Erasmus.	44
40. Aileen Lipkin.	45
41. Dalene Marais.	45
42. Alice Goldin.	46
43. Renée le Roux.	46
44. Eleanor Esmond-White.	47
45. Maud Sumner.	48
46. Elsabé Schady.	48
47. Carl Büchner.	49
48. Pieter van der Westhuizen.	49
49. Lucky Sibiyá.	50
50. Danie de Wet.	50
51. Skematiese plan van uitstalruimte.	54

52. Argitektoniese planne.	55
53(a). Afdeling 1.	56
53(b). Afdeling 2.	56
54. B-wandelgang.	57
55. Middelste gedeelte van galery.	57
56. Afdeling 3.	58
57. Oos-vleuel.	58
58. Afdeling 4.	59
59. Middelste gedeelte van galery.	59
60. Wes-vleuel.	60
61. Afdeling 5.	60
62. Seminaarvlak.	61
63. Houtstaanders.	62
64. Skerms.	62
65. Skerms in wandelgange.	63
66. Kunswerke op skerms.	64
67. Tipe nommers.	65
68. Gekleurde skerms.	66
69. Rigtingwysers.	68
70. Embleemborde.	68
71. Oriënteringsplakate.	69
72. Plakkaat.	70
73. Lettertipe.	72
74. Uitnodigingskaartjies.	80
75. Programgebeure.	84
76. Kwartet.	87
77. Ensemble.	88



78. Prof. C J Crouse.	89
79. Dr. J A Stegmann.	90
80. Tafels met verversings.	91
81-89. Gaste tydens openingsaand.	96
90. Studente besig om te werk in die uitstalling.	97
91. Rigtingwysers.	99
92. Die gidse.	100
93. 'n Rondleiding.	101

BYLAE:

1. Uitstallings te Sasolburg.	114-115
2. Uitstallings te Secunda.	116-117
3. Kunsgebeure te Sasolburg en Secunda, uit Sasolnuus.	118-122
4. Korporatiewe Versamelings (artikel).	123-126
5. Interne dienste op kampus.	127-131
6. Werksbeplanning.	132
7. Begroting.	133-135
8. Voorbeeld van die finansiële verslag.	136
9. Brief aan kunstenaars.	137-138
10. Inligtingstuk / katalogus.	139
11. Versekering.	140
12. Memorandum in verband met afhaal van kunswerke.	141
13. Persverklaring.	142
14. Artikels oor die versameling uit Sasolnuus.	143-156
15. Plakkaat.	157
16. Uitnodiging openingsaand.	158
17. Brief aan protokolgas.	159 -160
18. Protokollys.	161 -164
19. Brief aan orkes.	165
20. Parkeerreëlins, openingsaand.	166
21. Verwelkomingstoepspraak.	167- 168
22. Openingstoepspraak.	169- 173
23. Uitnodiging rondleidings.	174 -175
24. Program, kunsdae.	176
25. Kunshistoriese seminaarreks.	177

26. Kunshistoriese seminaarreks.	178
27. Bedankingsbrief.	179
28. Meningsopname.	180-182
29-32. Bedankingsbriewe.	183-186

## I. INLEIDING:

-----

Een van Sasol se kunsadviseurs, dr. Leoni Schmidt, kunsgeskiedenisdosent aan RAU en hoof-koördineerder van die uitstalling, het aan Sasol die voorstel gemaak dat hulle hul versameling aan die publiek bekend stel. Sy het gemeen dat die versameling tans tot 'n hoe mate verteenwoordigend is van die Suid-Afrikaanse kontemporêre kuns. Sy het ook aangebied met die toestemming van die Rektor, Professor C F Crouse, dat die uitstalling te RAU kan plaasvind.

'Wat kan die gees van die mens dieper roer as die kuns? Sedert die vroegste tye onderskei die letterkunde, musiek en die visuele kunste die mens van ander wesens. Die kuns is 'n misterie wat deur ander tale spreek wat nie geredelik in woorde omgesit kan word nie. Die kuns is ook omstrede, veral wanneer dit kontemporêr is. Wie sou kon raai dat die stelling dat "...atmosferiese effekte verkry is deur handevol wit, blou en rooi op die doek te gooi en dit wat wil bly vasklou, toelaat om vas te klou...", nie in die post-modernistiese era waarin ons tans staan, gemaak is nie, maar wel honderd en vyftig jaar gelede - en dit oor Turner se werk wat vandag as meesterstukke erken word. Soortgelyke sterk uitsprake word dikwels kwytgeraak wanneer 'n vernuwende tendens in die toekoms ontstaan. '(1)

### 1. MOTIVERINGS VIR DIE UITSTALLING :

-----

1. Die hoofmotivering was om 'n omvattende kontemporêre Suid-Afrikaanse kunsversameling aan die publiek ten toon te stel. Die tentoonstelling het 'n geheelbeeld van wat op die Suid-Afrikaanse gebied plaasvind daargestel. So 'n versameling verskil van kommersiële galery-uitstallings aangesien 'n verskeidenheid kunstenaars verteenwoordig is, en nie enkele kunstenaars nie. Sodoende kan 'n globale beeld deur die toeskouer verkry word.



2. Daarmee saam was die opvoedkundige strewe belangrik, wat by akademiese instansies uiteraard fundamenteel is. By die uitstalling het hierdie aspek veral tot uiting gekom in die opvoedkundige rondleidings, kunsdae en seminaarreekse. 'n Verdere opvoedkundige aspek was dat ander akademiese instansies die geleentheid kon kry om volgens hul eie sillabusse die uitstalling te besigtig. Studente was die geleentheid gebied om opdragte oor die versameling uit te werk. Kunstgeskiedenisstudente in die besonder kon 'n visuele, fisiese ervaring verkry van verskeie aspekte binne die versameling. (So was daar byvoorbeeld lesings handelende oor die tegnieke- en mediagebruike aangebied, asook die terugverwysing van moderne kuns na vorige tydperke in die kunstgeskiedenis.

Die uitstalling het die geleentheid van interdisiplinêre kontak by die universiteit bewerkstellig. So kon ingenieursstudente byvoorbeeld deur middel van 'n rondleiding raakpunte tussen die 20e eeuse tegnologie en 20e eeuse kuns waarneem. Letterkunde-studente kon tendense wat beide in die kuns en letterkunde voorkom identifiseer. Studente en dosente was vir 'n lang tydperk, ongeveer agt weke, aan goeie kuns blootgestel.

Studente wat meegehelp het aan die uitstalling het die geleentheid gehad om allerlei aspekte ten opsigte van die praktiese aangeleenthede, soos die hantering van kunswerke, te ervaar.

Sasolwerknemers het 'n geleentheid gehad om 'n globale persepsie van die werke te kry, waar hulle gewoonlik in die kantore en gange waar werksaam, 'n baie klein persentasie van die werke kan besigtig.

3. Betrokkes by die versameling, soos advieseurs ens. het geleentheid gekry om die versameling in sy geheel waar te neem. Bepalings ten opsigte van die wendings van versamel kon gemaak word. Heroriënterings kon dus gemaak word en tekortkomings en positiewe aspekte kon uitgelig word.

4. Ten spyte van die ondersteunende rol wat Sasol vervul om jong kunstenaars se werke te koop, kry kunstenaars by so 'n uitstalling die geleentheid om hul eie werke in perspektief saam met ander kunswerke te besigtig. Hierdie faktor kan geweldig inspirerend en aanmoedigend wees.

5. Die uitstalling het 'n opgradering van die versameling tot gevolg gehad. Kunswerke was herstel, oorgeaam, gerestoureer en dokumentasie was op datum gebring.

6. Sasol het met die uitstalling die geleentheid gehad om aan die publiek hul kulturele aktiwiteite meer bekend te maak.

7. Skakeling het tussen die Sasolwerknemers onderling plaasgevind, vanweë die sosiale byeenkomste na afloop van rondleidings, ensovoorts. Tydens sulke geleentede was kliënte onthaal wat dus skakeling op 'n ander vlak ook moontlik gemaak het. Tussen die RAU-personeellede was daar ook die



geleentheid tot skakeling gebied, sowel as tussen RAU en die betrokke skole.

8. Die uitstalling het ook 'n ideale geleentheid tot skakeling tussen RAU en Sasol moontlik gemaak. Sasolwerknemers was byvoorbeeld gereeld tydens die verskeie gebeure rondom die uitstalling op die RAU-kampus onthaal.

9. Die uitstalling kon aan ander groot instansies die motivering bied om kunsversamelings op te bou en die Suid-Afrikaanse kunste te ondersteun.

10. Die indelings wat gevolg is in die ontwerp en uitleg het aan besoekers aangedui dat kunswerke nie geïsoleerd van algemene lewensomstandighede staan nie. Kunswerke was in 'n raamwerk geplaas waarin dit geïnterpreteer kon word.

## 2. HOOFKOMPONENTE VAN DIE UITSTALLING ;

-----

Met die uitstalling is twee hoofkomponente, wat in gedurige wisselwerking met mekaar gestaan het, nagestreef.

Aan die een kant is daar gestreef na die fisiese, visuele waardering van 280 kunswerke. Aan die ander kant was daar die ontsluiting, in streef na 'n verklaring en die interpretasie van die kunswerke. (Dit kan ook as die opvoedkundige aspek beskou word.)

Die kunsuitstalling was eerstens bekend gestel en aangekondig deur middel van 'n openingsfunksie. Betrokkes en

belangstellendes van die Suid-Afrikaanse kuns het hier, as gaste van Sasol en RAU, byeengekom. Tweedens was die uitstalling, na die amptelike opening, elke dag oop vir die publiek, waartydens die uitstalling besigtig kon word.

Die onsluitende / opvoedkundige aspek van die uitstalling is hoofsaaklik deur middel van rondleidings, kunsdae en seminaarreekse bevorder.

Om die wisselwerking van die twee komponente, naamlik die visuele enersyds en die onsluitende / opvoedkundige aspekte andersyds, te sistematiseer is die werke in vyf afdelings verdeel. Ter oriëntering is elke afdeling met sy besondere titel asook 'n kort beskrywende opsomming bestaande uit kernbegrippe 'aangekondig '.

Hierdie vyf afdelings is verder in breë trekke in 'n inligtingstuk oor die uitstalling verduidelik. Besoekers aan die uitstalling kon dit dus visueel ervaar en self en ook aan die hand van die inligtingstuk klassifiseer en interpreteer.

## II. HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE VERSAMELING:

-----

'In die vroeë sestigerjare het die Sasol-kunsversameling op 'n spontane en informele manier ontstaan na aanleiding van uitstallings wat deur toegewyde kunsliefhebbers op Sasolburg gereël is. '(2)

Hierdie uitstallings asook die gereelde opvoerings in die teater het 'n liefde vir die kunste onder die Sasolgeledere laat posvat (Bylaag 1).

In die vroeër sewentigerjare het hierdie belangstelling versprei na Secunda (Sasol 2 & 3) waar daar ook periodiek kunsuitstallings gehou is (Bylaag 2).

Tydens die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare het Sasol, veral vanweë die vestiging van die Secunda myne en bedrywe, fundamenteel gegroei van ongeveer 6000 mense in 1974 tot 33000 mense teen 1986. Hierdie snelle uitbreiding van die Sasolgroep het die skepping van 'n korporatiewe hoofkantoor teen die einde van die sewentigerjare genoodsaak.

Sasol se korporatiewe hoofkantoor is in 1981 in Johannesburg gevestig.

Belangstelling in die visuele kunste is in die tyd verder gevoer. Sasol het na hul verhuising en vestiging in Johannesburg ook kunswerke aangekoop, egter nie op die stadium met die doel om 'n versameling saam te stel nie.

Sasol se belangstelling is ook reeds sedert die vroeë ontstaansjare deurgevoer na die uitvoerende kunste. (Twee teaters is geskenk aan die gemeenskappe van Sasolburg en Secunda onderskeidelik; borgskappe van instansies soos SANJO



is aangegaan en Sasol maak toekennings van groot musiekbeurse (Bylaag 3).

Mettertyd, in die vroer tagtigerjare het Sasol besluit om op 'n meer geordende wyse 'n versameling op te bou.

Vir hierdie doel het hulle in 1983 'n kunsadvieskomitee bymekaar gebring. Die kunsadviseurs is die volgende persone:

1. Gunther van der Reis, 'n bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar asook dosent in beeldende kunste aan die Pretoria Technikon.

2. Nel Erasmus, voormalige kuratrise van die Johannesburgse Kunsmuseum, asook bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar.

3. Dr. Leoni Schmidt, kunsgeskiedenisdosent aan RAU asook hoofkoördineerder van die uitstalling.

Die kunsadviseurs maak aanbevelings aan Sasol se hoofbestuur wie dan finale aankope doen vir die versameling.

## 2. VERSAMELBELEID:

-----  
''Ongeveer ses jaar gelede het Sasol besluit om op 'n meer gestruktureerde wyse te werk te gaan en om mettertyd 'n verteenwoordigende versameling van Suid-Afrikaanse kuns sedert die sestigerjare op te bou, as 'n nalatenskap vir die toekoms. Deur kunswerke van hoë gehalte byeen te bring, ondersteun Sasol terselfdertyd ons lewende, dikwels jong, Suid-Afrikaanse kunstenaars.

In aansluiting by die bogenoemde, het die Voorsitter van Sasol, mnr. J A Stegmann verder soos volg geskryf: 'Die onverbiddelike toets van gehalte is ... die tyd. Die oordeel van latere geslagte is meestal sekerder en betroubaarder as die van tydgenote. Maar hierdie waarheid moet ons nie daarvan weerhou om gehaltewerk van kontemporêre kunstenaars op die vroegste moontlike tydstip te probeer identifiseer nie... Die Sasol-kunsversameling bestaan tans veral uit skilderye, maar die versameling is steeds in wording. Ons is betrokke by 'n opwindende en voortdurende ontdekking van nuwe en groeiende talent in Suid-Afrika se kunstenaarsgeledere, wat algemene menslike waardes en ons

spesifieke tyd en plek weerspieël... Ek glo (egter) dat kunswerke van blywende gehalte deur kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars reeds in die Sasol-kunsversameling...opgeneem is'(1988).''(3)

## 2. GRONDE WAAROP 'N GELDIGE VERSAMELING OPGEBOU WORD:

-----

Die daarstelling van 'n geldige versameling, soos die Sasol-kunsversameling poog daar te stel, is onderhewig aan sekere gronde wat vervolgens hier uiteengesit word.

- a. 'n Versamelbeleid word opgestel waarin daar, onder andere, bepaal word uit watter tydperk versamel word.
- b. Daar word gepoog om tendense in die kunswêreld te identifiseer en te verteenwoordig. Sub-tendense kom ook voor wat ook verteenwoordig word. Hierdie tendense geld slegs as riglyn vir versamel.
- c. Kunstenaars wat betrokke is by die tendense word geïdentifiseer en verteenwoordig.
- d. Binne hierdie riglyne en raamwerk word kwaliteitwerke versamel.

## 3. KORPORATIEWE VERSAMELINGS:

-----

Die verskynsel van versameling van kunswerke binne groot organisasies bestaan al 'n geruime tyd in die buiteland, selfs in die tyd voor die Renaissance, maar het redelik onlangs ook in SA tot stand gekom.

Die motivering vir korporatiewe versamelings kan drieërlei van aard wees:

- a. Bloot as belegging en dan word daar gewoonlik op ouer reeds gevestigde kunstenaars se werke gekonsentreer.
  - b. Uitsluitlik vanweë die werk se dekoratiewe moontlikhede en dus slegs as versiering wat uiteraard meer kommersiële waarde sal dra.
  - c. Die daarstelling van 'n meer akademies-georiënteerde versameling met 'n spesifieke versamelbeleid wat poog om 'n verteenwoordigende versameling daar te stel. In Sasol se geval gaan hierdie poging om kontemporêre SA kuns. Die genietingswaarde benewens die klem wat op gehalte geplaas word, is ook van belang.
- Sasol beskik dus tans oor , 'n unieke Suid-Afrikaanse kontemporêre versameling wat verteenwoordigend is van die tendense binne die SA-konteks. Die versameling is baie goed vergelykbaar met ander korporatiewe versamelings en tendense in die buiteland (Bylaag 4).



### III. WERKSBEPLANNING:

-----

#### 1. WERKSPAN:

-----

Die inisieerder van die uitstalling, dr. L. Schmidt, het vanweë haar vakkundige kennis sowel as haar verbintenis met Sasol as projekteur of hoof-koördineerder opgetree.

Uiteraard was sy ook aan die hoof van die werkspan. Sy het ook direk met die voorsitter van Sasol, dr. Johannes Stegmann, met die besturende direkteur en met die betrokke personeel geskakel.

' ' The size of a project will dictate whether the team can manage themselves or whether a co-ordinator is required; in a large scheme someone is needed to manage the whole project, to monitor costs, check schedules, and ensure that the members of the team remember to communicate with one another!. ' '(4)

Die kern van die werkspan het verder bestaan uit RAU se twee uitstallingsbeampies, mejj. Amalie von Maltitz en Nita Cronje. Mev. Theresa de Villiers, werksaam by Sasol se skakelafdeling, waar sy, onder andere, ook deels verantwoordelik is vir die omsien na die versameling. Sy was die Sasol personeellid wat direk by die uitstalling betrokke was.

'n Groep van drie studente wat deelyds betrokke was met allerlei aspekte en twee manlike assistente wat hoofsaaklik betrokke was by die fisiese uitvoering van take het ook deel uitgemaak van die werkspan.

' 'Whatever its composition, the exhibition team has to develop trust between its members. In the long run it is the talent and expertise of the individuals concerned which make

the exhibit brilliant or banal. ''(5)

'n Interessante kombinasie van 'n opvoedkundige instansie en 'n industriële maatskappy, wat op 'n geïntegreerde aard die werkslading verprei het, het hier plaasgevind. RAU was aan die een kant verantwoordelik vir die vakkundige kennis, navorsing, die beskikbaarstelling van die kampus en verskaffer van meeste lede van die werkspan. Sasol het aan die anderkant die hele projek gefinansier en die versameling verskaf. Verskeie interne en eksterne instansies se hulp was egter benodig vanweë die groot omvang wat die uitstalling aangeneem het (Bylaag 5).

Interne dienste het ingesluit:

- \* Sekuriteitsafdeling
- \* Kantoordienste
- \* Verversingsdienste
- \* Elektrisiteitsdienste
- \* Tegnieise dienste
- \* Skoonmaakdienste
- \* RAU se Afdeling Openbare Betrekkinge
- \* Vlakdruk
- \* Sasol se skakelafdeling

Eksterne instansies was benodig vir die volgende funksies:

- \* Drukwerk en setwerk
- \* Vervoer van skilderye
- \* Spesiale beligtingstelsel
- \* Mikrofoonstelsel
- \* Orkeste
- \* Publisiteit
- \* Rigtingwysers op en buite kampus.
- \* Embleemborde
- \* Dekorاسies

## 2. DIE WERKSPLAN EN SY VERLOOP:

-----

'' The planning of the design, production installation and running of an exhibition can be a complex operation. The plan is an essential document which keeps all personnel

involved together as a team and in sight of the overall goal.' '(6)

Volgens Margaret Hall (7) kan die verloop van enige uitstalling se ontwerp en uitvoering in sewe hoofases met onderlinge stappe in die werksplan verdeel word, naamlik:

- a) Aanvang/ Ontstaan - Voorlopige oorweging van die projek
  - i. Idee  
Onderwerpvoorstelling en motivering vir uitstalling (gewoonlik geskied voorlegging op 'n formele wyse)
  - ii. Medium  
Gesiktheid van die onderwerp vir uitstal
  - iii. Toeskouers  
Aan wie die uitstalling gerig sal wees
  - iv. Doelstellings  
Verwagte effek op die toeskouers en die publiek
  - v. Plekbepaling  
Galery of uitstalarea waar uitstalling moontlik kan geskied
  - vi. Hulpbronne  
Fondse en personeel wat moontlik beskikbaar sou wees
- b) Uitvoerbaarheid - bestudering van die aanvaarbaarheid van die voorstel (Reëlins ten opsigte van die werksbeplanning)
  - i. Span  
Identifiseer die werkspan
  - ii. Konsep  
Verdere ontwikkeling en navorsing
  - iii. Objekte  
Voorlopige seleksie van die uitstalmateriaal
  - iv. Storielyn  
Voorlopige opstelling van die temas in die uitstalling, soms gepaardgaande met sketse om 'n 'storiebord ' te vorm
  - v. Koste  
Buitelyn beraming van onkoste/ fondse benodig



- vi. Ligging  
Bestudering en besluit oor die beskikbaarheid van die area van uitstalling
  - vii. Tydtafel  
Bepaling van die toelaatbare tyd vir die hele projek.
  - viii. Bewaring / Herstel  
Monitor reeds bestaande kondisies, bepaling van toepassing van enige spesiale bewaring of herstelwerk / restourasiewerk
  - ix. Sekuriteit  
Voorlopige oorweging van die vlak van sekuriteit benodig
  - x. Uiteensetting  
Bevindings ingewerk in uiteensetting waarmee ontwerpers kan begin werk
  - xi. Bepaling van gebeurtenisse rondom die uitstalling
- c) Eerste fases van ontwerpbeplanning  
Ondersoeking van die lokaal, onder andere wetlike en tegniese besonderhede by. lugversorging, brandregulasies, elektriese lading en metodes van ontruiming
- i. Bewaring- en sekuriteitsmaatreëls
  - ii. Voorlegging van skema aan die persone wat hul goedkeuring moet verskaf
  - iii. Goedkeuring van die 'kliënt ', sekuriteitspersone en brandweer
  - iv. Voorbereiding van 'n skematiese voorstelling, die uitleg, kleurskema en plasing van objekte
- d) Finalisering van die werksbeplanning
- i. Seleksie van objekte reeds gefinaliseer, asook alle ooreenkomste rakende fondse en lenings
  - ii. Finalisering van die teks en uitdrukkingstukke
  - iii. Gedetailleerde uitlegte van onderskrifte en setwerk
  - iv. Gedetailleerde sketse van die struktuur, plasing van die uitstalmeublement, beligting en bedrading en spesiale effekte

- v. Bepaal besonderhede oor die finale afrondingswerk in die uitstalling
  - vi. Prototipes konstrueer en toets
  - vii. Bepaling van veranderinge in die ontwerp
  - viii. Korreleer finansies
- e) Produksie
- i. Bou binne en buite die uitstallokaal, toekenning van uitstalmeublement
  - ii. Monteer uitstalling
  - iii. Elektriese werk, beligting en bedrading
  - iv. Setwerk en grafiese werk finaliseer en monteer
  - v. Dekorاسie
  - vi. Bewaring uitgevoer.
  - vii. Toets van aspekte soos byvoorbeeld die sekuriteitssisteem, beligtingkondisies ens.
  - viii. 'Aantrek ' van die uitstalling
  - ix. Aanbring van moontlike veranderinge
- f) 'Oop vir die publiek
- i. Voorskou vir die media, privaatbesoekers, organisasie van bykomende gebeurtenisse, begeleide toere, seminare ens.
  - ii. Instandhouding
  - iii. Evaluasie / terugvoering
  - iv. Deurlopende fotografiese rekords
- g) Dokumentasie en afbreek
- i. Betaal van uitstaande rekeninge
  - ii. Kollekteer en prosesseer informasie soos besoekersgetalle, koerantuitknipsels ens.

- iii. Hou post-mortem met die projekspan
- iv. Finaliseer rekords van die projek
- v. Breek die uitstalling af en laat uitstalruimte in oorspronklike toestand
- vi. Terugbesorging van uitstalmateriaal.

Die werksbeplanning van die Sasol-kunsuitstalling het min of meer soos Margaret Hall se indeling verloop, maar vir die doel van hierdie skripsie gaan daar nou slegs na enkele stappe in die werksbeplanning as voorbereiding tot die uitstalling gekyk word.

(Hierdie stappe word min of meer volgens die chronologiese verloop van die werksplan bespreek.)

'n Kopie van die beplande verloop van die werksplan met beoogde datums was aan elke lid van die werksplan gegee (Bylaag 6).

a. Begroting:

Dr. Schmidt het 'n begrotingslys opgestel van alle moontlike onkoste voor en tydens die uitstalling (Bylaag 7). Sy het ook al die finansies persoonlik hanteer en gekorreleer. Deurentyd was daar deur lede van die werksplan kwitansies en rekwisies ingevul vir die finansiële verslag wat na afloop van die uitstalling opgestel sou word (Bylaag 8).

b. Die skryf en druk van die prestige-publikasie en die inligtingstuk:

Daar was besluit om 'n prestige publikasie met kleurfotos wat handel oor die versameling, te laat druk. Hierdie



publikasie hou egter geen direkte verband met die uitstalling as sodanig nie, alhoewel die publikasie by geleentheid van die uitstalling laat druk is. Die publikasie hou dus direk verband met die versameling eerder as die uitstalling.

Briewe wat om toestemming vra vir die publiseer van fotos en die uitstal van die werke was aan die onderskeie kunstenaars gestuur (Bylaag 9). Waar kunstenaars reeds dood is, moes kopiereghouers opgespoor word.

'n Inligtingstuk wat terselfdertyd as katalogus kon dien is opgestel en laat druk (Bylaag 10). Hierdie inligtingstuk was vrylik tydens die uitstalling vir besoekers beskikbaar.

Die algehele ontwerp, naamlik lettertipe, kleurgebruik, en vorm het ingeskakel met alle ander drukwerk vir die uitstalling, wat ook by die Sasolembleem lettertipe ingeskakel het.

## VERSAMELING

1. 'n Voorbeeld van die kleur en lettertipes wat vir alle drukwerk gebruik is:

c. Korrelering ten opsigte van die versameling:

i. Dokumentasie

Die alreeds bestaande dokumentasiekaarte bestaande uit:  
die naam van die kunstenaar,  
'n foto van die kunswerk,  
die titel en datum,  
die medium en afmetings van die kunswerk,  
die naam van die galery waar die kunswerk gekoop is en  
datum van aankope,  
die koopprys van die skildery en die tendens wat  
verteenwoordig is, was gekorreleer.

Die dokumentasiestelsel bestaan uit 'n kaartsisteen wat  
bogenoemde inligting bevat, wat dan in alfabetiese orde  
volgens die van, van die kunstenaar gerangskik word. Alle  
bykomende inligting oor spesifieke kunstenaars of werke  
word dan by die korresponderende dokumentasiekaart  
gerangskik en gestoor. Dokumentasiekaarte was ook by  
die uitleg van die uitstalling gebruik.

ii. Herstelwerk:

Nadat die dokumentasiekaarte gekorreleer was, moes al die  
werke wat op uitstalling geplaas sou word, ook nagegaan  
word. Van die werke moes oorgeaam word. Rame was so  
geselekteer dat dit by die kunswerk en nie die interieur  
nie, sou pas. Omdat al die werke in die versameling  
relatief nuut is was restourasiewerk nie nodig nie,  
behalwe vir een skildery deur Stefan Ampenberger. Die

kunswerke was egter deurlopend gemonitor en waar nodig herstel.

iii. Versekering.

Kunswerke was spesiaal met die oog op die uitstalling en vir die tydperke van stoor en vervoer verseker (Bylaag 11)

d. Skakelaksie:

e. Reëlings in verband met die openingsfunksie:

(Bogenoemde twee punte word in ander afdelings meer volledig behandel.)

f. Vervoer en stoor van die kunswerke:

Alle vervoer van kunswerke was deur 'n buite-instansie wat bekend is vir hul professionele hantering van kunswerke, gedoen.

Spesiale verpakkingsmateriaal is vir die doel voorsien, wat ook tydens die stoor en die ronddra van die kunswerke gebruik is.

Voordat kunswerke verpak was met die oog op die vervoer is elkeen individueel genommer. 'n Ooreenstemmende nommer is op 'n korrelasielys aangebring. Hierdie metode het verseker dat enige verlore kunswerke in die vervoer stadium dadelik opgemerk sou word. Met die gebruik van die nommerstelsel kon werke se toestand voor en na vervoer ook gemonitor word. Werke was ook spesiaal vir die uitstalling vanaf Sasolburg en Secunda vervoer (Bylaag 12).

Op elke punt waar werke gearriveer het was dit nagegaan



deur middel van die kontrolelyns om te verseker dat die versameling voltallig is, asook vir moontlike skade. Op die RAU-kampus was die werke vir 'n kort periode gestoor. In die tyd kon werke uitgesorteer en finale afrondingswerk gedoen word.

i. Bewaring:

Die bewaring en omsien na 'n versameling is 'n uiters noodsaaklike museologiese funksie.

'Ek bepleit 'n pro-akteiwe benadering ten opsigte van bewaring. Nie net omdat dit inpas by die suksesvolle bestuurshantering van die versameling nie, maar omdat dit voorkomend van aard is en dus die ontstaan van probleme uitskakel of voorkom en met ander woorde nie die simptome nie, maar wel die oorsake aanspreek. '(8)

In die werksbeplanning was daar aandag gegee aan die bewaringsaksie veral betreffende die hantering en verpakking van die kunswerke.

Hanteer van kunswerke:

- \* Werke moet stewig met albei hande en met selfvertroue gedra word.
- \* Gekonsentreerde spanning moet nie op sekere dele van die kunswerk uitgeoefen word nie.
- \* Skilderye moet nie aan die raam met een hand opgetel word nie, maar wel aan die agterste draad waaraan dit opgehang word.
- \* Beeldhouwerke moet nie aan uitstaande punte opgetel word nie.
- \* Dit is belangrik om met skoon hande of katoenhandskoene die kunswerke te hanteer.

- \* Wanneer twee of meer skilderye teen mekaar rus of opmekaar gestapel word, moet sagte beskermingsmateriaal tussenin geplaas word, ook tussen die skildery en die oppervlakte waarop dit rus.
- \* Skilderye se voorkante of hul agterkante moet teenmekaar rus maar nie agter teen voor of andersom nie. Op hierdie manier kan uitstaande hakkies en spykers aan die agterkant van 'n skildery nie die voorkant van 'n ander skildery beskadig nie.
- \* Glas aan die voorkant van skilderye kan baie maklik breek en moet dus versigtig hanteer word, sonder veel drukking op 'n sentrale punt.

g. Sekuriteit:

Die kunswerke is deurlopend, sedert dit op die RAU-kampus arriveer het, beskerm. Sekuriteitswagte en lede van die werkspan was vier en twintig uur aan diens om werke tydens die stoortydperk te bewaak.

'An exhibition must be protected from theft, wilful and accidental damage by the public, and from fire. The exhibition team must be aware of security problems at all stages of the project, from the brief until the exhibition is safely dismantled. '(9)

h. Opstel van die uitstalling:

i. Plasing van uitstalmeublement:

Skermes en staanders was volgens 'n skaalmodel gerangskik. Waar daar egter probleme, met betrekking soos spasie en fokuspunte was, is klein veranderings in die patroon aangebring.



ii. Skoonmaak en herstel van die uitstalmeublement:

Sommige skerms moes nuwe oortreksels kry terwyl ander bloot net vuil en vol stof was en slegs skoongemaak moes word.

iii. Montering van die uitstalling:

Kunswerke was met trollies of per hand van die stoorruimte na die uitstalruimtes vervoer. Dit het stelselmatig geskied sodat werke eers in die ruimtes wat kon toesluit gemonteer is. Soos die werke van die stoorruimtes gearriveer het, is dit dadelik op die skerms gemonteer sodat werke nie onnodig rondgestaan het nie.



2. Lede van die werkspan besig om die uitstalling te monteer:

Tydens die montering van kunswerke moes verskerpte sekuriteitsmaatreëls toegepas word. Sekuriteitswagte was in die stoorruimtes sowel as die uitstalruimte aan diens.

iv. Beligting en bedrading:

'n Spesiale beligting- en bedradingstelsel is oral in die uitstalruimtes aangebring. Dit kon natuurlik eers geskied nadat die kunswerke in hul uitstalposisies geplaas was.

v. Finale montering en afronding:

Setwerk, titels van afdelings, embleemborde en die nommers ooreenstemmend met die in die katalogus was laastens aangebring. Alle finale afrondingswerk was in die stadium gedoen. Daar was byvoorbeeld verseker dat skilderye reguit hang, vloere gepoleer was, ensovoorts.

#### IV. UITSTALLINGSINHOUD:

-----

'In die strewe na 'n verteenwoordigende kunsversameling konsentreer Sasol op die Suid-Afrikaanse kuns sedert die sestigerjare en 'n hede wat gedurig in die tyd aanskuif. Met hierdie periode so naby aan ons, suggereer kunswerke self riglyne vir versamel. Riglyn en kunswerk staan dus voortdurend in dinamiese wisselwerking ten opsigte van mekaar. Hierdie oorsig van die Sasol-kunsversameling kan die wisselwerking nie ontsnap nie en probeer daarom nie om waterdigte kategorieë te stel nie. Die doel is eerder om 'n raamwerk uit te lig wat ten grondslag lê aan die inhoud van die versameling en wat terselfdertyd rigting gee aan die strewe om die versameling verteenwoordigend te maak. Hierdie raamwerk is ook gebruik vir die uitleg van die uitstalling. In die geval van 'n versameling van kunswerke uit die laaste drie dekades kan so 'n raamwerk nie uitgelig word deur middel van tradisionele benaderings nie: Chronologiese indelings klop nie; stylbewegings het historiese verwysings geword; medias is gemeng; onderwerpe gaan in groter samehange op; tematiese tradisies het hul grense verloor; en simboliese waardes het konvensioneel geword.

Die inhoud van die versameling vra vandag eerder die aandag vir die verskynsel van 'visuele tale' wat as algemene alternatiewe naas mekaar bestaan. Die begrip 'visuele tale' dui op 'n korrelasie wat bereik word tussen die kunstenaar se ervaringswêreld en die uitdrukkingsmiddele wat hy gebruik om sy ervaringswêreld sigbaar oor te dra en daardeur te kommunikeer. Verskillende visuele tale kan onderskei word, omdat kunstenaars se ervaringswêreld deur uiteenlopende oriënterings of swaartepunte gerig word en uitdrukkingsmiddele (byvoorbeeld lyn, vlak, kleur en tekstuur) dienooreenkomstig aangepas word. 'n Wederkerige aanpassing tussen ervaring en uitdrukking behels ontdekkingsprosesse onderliggend aan die hele geskiedenis van die mens en sy kuns, maar in ons tyd tree hierdie prosesse op die voorgrond as visuele tale, onder andere, ook in die versameling. Enige visuele taal is egter sonder lewende inhoud wanneer kreatiwiteit ontbreek. Hiervoor sorg ons eietydse kunstenaars gelukkig met ryk, geskakeerde interpretasies gegrond in persoonlike ervaring.

Aangesien die visuele tale verband hou met dinamiese ontdekkingsprosesse is werkwoorde vir die tipering daarvan aangewese. '(10)

(Net daarop te let: Slegs n gedeelte van die versameling word in hierdie skripsie vervat. 'n Keur uit die versameling word ook in die prestige-katalogus uitgebeeld.)



- [1]. BESKRYWING: '\* GRADE VAN REALISME
- \* SINTUIGLIKE WAARNEMING
  - \* HERKENBARE MOTIEWE
  - \* NATUURLIKE OMGEWING '' (11)

'Een visuele taal het te make met 'realistiese beskrywing '. Dit behels die mens se sintuiglike waarneming van die sigbare natuur en sy noukeurige weergawe daarvan. In die betrokke kunswerke sien 'n mens herkenbare motiewe in hul natuurlike omgewings. Waardering vir sulke kunswerke berus op die toeskouer se eie ervaring van die sigbare natuur om hom.' '(12)


'Elke afdeling van die uitstalling begin met 'n ouer skildery. Hierdie werke dien as verwysing na die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis voor die sestigerjare en as agtergrond vir die begryp van die onderskeie visuele tale wat reeds deur hul gesuggereer word.

In hierdie afdeling van die uitstalling is verskillende benaderings tot realistiese beskrywing te sien. ''(13)



3.Nils Burwitz: WALTER BATTISS, serigrafie op papier 54x67  
''Verwasing skep atmosfeer.' '(14)





4. Sheila Nowers: DIE CHEVROLET OP ALBERTINA 1987 waterverf op papier 9x9

'Hiperfyn beskrywings kom voor.' (15)




5. Sidney Kumalo: VREUGDEVOLLE FIGUUR s.a. brons 51x27x24

'Menslike figure kom onder andere in die afdeling voor.' (16)




6. Sheila Nowers: DIE GEVERFDE TAFEL 1988 gemengde media op papier 12x10




7. Wim Blom: DRIE OBJEKTE OP 'N KABINET 1985 olie op doek  
50x60

'Herkenbare motiewe word amper tot so 'n mate uit hul natuurlike omgewing geïsoleer, dat hul byna aansluit by die volgende afdeling.' (17)



8.Wim Blom: TWEE VERE 1986 potlood en waterverf op papier  
18x42



9.Wim Blom: VASGEBINDE DOSIE 1986 potlood en waterverf op  
papier 43x58





10. Walter Westbrook: ANEMONE EN RENONKELS 1983 olie op doek  
68x48

'Stillewes kom ook voor in die afdeling.' (18)



11. Alice Goldin: Moreson 1983 olie op doek 44x59

- [2]. ASSOSIASIE:    '\* AANGEPASTE MOTIEWE
- \* KONSEPTUELE VERWYSINGS
  - \* SPEL MET KONTEKSTE
  - \* SINTUIGLIKE VERBANDE ' ' (19)

'In afdeling 2 is 'n groot rykdom van werke te sien, waarin herkenbare motiewe nog duidelik te sien is. By nadere aanskoue blyk dit egter dat hierdie motiewe uit hul normale omgewings gehaal is en op allerlei maniere met mekaar gekombineerd is, terwille van 'intuïtiewe assosiëring'. Die mens se innerlike ervaring van drome, fantasieë, denkbeelde en situasies word deur sulke kunswerke gesuggereer. Om hul te waardeer moet die toeskouer staatmaak op sy eie herinneringe oor hierdie sake of - andersins - moet hy (byvoorbeeld deur opleeswerk) meer uitvind oor die temas wat hier aangebied word.' (20)



12. Johannes Meintjies: MAN EN VROU 1976 olie op bord 60x54

'Die aardse situasie van die plaas, platteland en vrugbare grond word opgeroep.' (21)



13.Elsabé Schady: VIER MEER 1985 ets op papier 50x40

'...verwysings na vlug en voëls.' (22)



14.Hardy Botha: ONGETITELD 1977 ets op papier 25x30

'Die naakfiguur in allerlei variasies.' (23)





15. William Kentridge: DIE SLAPER 1984 gemengde media op papier 60x86



16. Pippa Skotnes: KLANKE VAN DIE DENKSNARE III 1987 ets op papier 22x32



17.Pippa Skotnes: KLANKE VAN DIE DENKSNARE II 1987 ets op papier 22x32



18.Pippa Skotnes: KLANKE VAN DIE DENKSNARE I 1987 ets op papier 22x32

'Dan word die portret gekombineer met dieremotiewe.' (24)



19. Lynda Boerstra: LE HONNE, WILLE HONNE 1986 serigrafie op papier 51x49

'...totdat die dier in eie reg te voorskyn tree.' (25)



20. Gunther van der Reis: HELMSTUDIE 1985 watervert op papier 45x59

'Vervolgens word die dier antropomorfies deur middel van die helmkop as argaïese embleem.' (26)